**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 23 APRIL 2023**

# DERDE SONDAG IN PASE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

## *JAN KRIEL INSTITUUT*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Handelinge 2:14a, 42-47; Psalm 23;**
**Johannes 10:1-10; 1 Petrus 2:19-25**

| **SONDAG, 23 APRIL** | |
|---|---|
| | POSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Jan Kriel Instituut<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 24 APRIL** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| 19:00 | Vrywillige kooroefening by Moedergemeente met die oog op deelname aan 'n koorfees by VGK Sarepta –sien blokkie elders |
| **DINSDAG, 25 APRIL** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| 19:00 | UItvoerende Kommissie vergadering |
| **WOENSDAG, 26 APRIL** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 27 APRIL** | |

| |
|---|
| VRYHEIDSDAG<br><br>Sopbeurte: Juanita Horn, Mari Bothma, Ronel le Grange, Roezan Lewis, Lyta van Wyk, Jacomina Swart, Angelique Steyn |
| **VRYDAG, 28 APRIL** |
| SKOLE VAKANSIEDAG<br>09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 29 APRIL** |
| |
| **SONDAG, 30 APRIL** |
| DANKBAARHEIDSONDAG<br>VIERDE SONDAG IN PASE (GOEIE HERDER-SONDAG)<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Zimbabwe, Malawi & Mosambiek<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>GEEN Kleuter- en Kinderkerk<br>GEEN **Senior kategese**<br>GEEN **Gemeentetee** |

# GEMEENTENUUS



1. Bettie van Zyl (Voogdystraat) sterk tuis aan na ‘n operasie.
2. Attie van Wyk (Viljoenstraat) het ‘n operasie ondergaan.
3. Angelien Geldenhuys (Othello) is in die hospitaal.
4. Judy Steyn (Klaradyn) is ernstig siek in die hospitaal. Sy is Elmarie Scholtz, ons skriba, se ma.
5. Lowrie Conradie (Zevenwacht County Estate) sterk by die huis aan na sy operasie.
6. Margaret Pitt, Raylene se ma, sterk aan nadat sy ‘n operasie ondergaan het.
7. John Marais (Brackenfell) is tans in die hospitaal.
8. Hester Carstens (Zevenzicht) sterk aan na haar operasie.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lizette Wilson is vanoggend ons orrelis.
2. NG Kerk Brackenfell-Proteahoogte gemeente het ‘n vakature vir Saakgelastigde. Sluitingsdatum vir aansoeke: 12 Mei 2023 om 16:00. Sien kennisgewingbord of kontak kerkkantoor vir volledige inligting.
3. Ds Chris verteenwoordig die Ring van Kuilsrivier by VGK Sarepta se 180ste verjaarsdagvieringe tydens vanoggend se erediens.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

23/04 Isobel Gresse, Sannie Verster(94), Ruben Botha, Jandré Nothnagel
24/04 Divan du Plooy, Heidi Jonas, Magdaleen Voigt, Jannie Maartens(92), Franswa Laing, Megan Kennedy, Katerina Steenkamp
25/04 Riëtte Morkel, Mara-Louise Greeff, Louisa Blomerus, Marie Kühn(90), Poppie Olivier, Stephan Esterhuyse, Ina Basson(83), Nadine Steenkamp
26/04 Arian Filies, Mariska Strydom, Marina Summers, Sue-Lynne Esau
27/04 Joline Steyn
28/04 Chrisna le Roux, Sylvia Geldenhuys(81), Erica Taljaard, Christine Lombard, Marius Wethmar
29/04 Lizette Olivier




# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Jan Kriel Instituut (Kuilsrivier)**

***Baie dankie dat u vanoggend by die deure bydra tot die Here se werk by Jan Krielskool.***

Jan Krielskool (sedert 1937) is die 3de oudste skool vir "kinders met spesiale onderwysbehoeftes".

Soos met die Dowes en Blindes (die eerste twee) het die Ned Geref Kerk dit begin, ontwikkel en bestuur. Sedert 1998 (nuwe onderwyswet) is die NG Kerk en haar lidmate se betrokkenheid beperk tot befondsing van verdienstelike kinders en projekte in die skool. Die "ekstra" dienste wat die staat en ouers nie kan bekostig of in stand hou nie, word deur gemeentes en individuele donateursvriende gedra. Dit beloop etlike miljoene per jaar, maar die resultate toon dat dit deur en deur die moeite werd is.

Jan Krielskool is byvoorbeeld:

- bekroon as die beste "spesiale" skool in Suid Afrika
- bekroon met internasionale "blou plaak" status vir die bydra tot onderwys in Suid Afrika
- die enigste spesiale skool waar leerders met gestremdhede matriek in Afrikaans kan slaag
- uiters suksesvol – met 'n slaagsyfer van 96% van Gr R tot Matriek in 2019

Die "En-Gee" Kerk (☺smiley) kan dankbaar-trots wees op hierdie baken van die barmhartigheid van Jesus. Indien u meer inligting verlang of 'n persoonlike donasie wil maak, kontak gerus die Jan Kriel Instituut.

021 903-0434 | instituut@jankriel.co.za
Webwerf: https://jankriel.org.za

# ASBES WAARSKUWINGS

Verskeie lidmate het hul kommer uitgespreek nadat kennisgewings op verskeie plekke by die kerkkompleks aangebring is wat waarsku teen die gevare van ASBES.

Ons wil graag ons gemeentelede en enige besoekers gerusstel dat die asbes teenwoordig in ons dakke geen gevaar inhou vir enige persone wat die kompleks besoek nie.

In terme van die wetgewing is die nodige ondersoek verlede jaar gedoen deur 'n geakkrediteerde maatskappy wat bevind het dat ons asbesdakke in 'n goeie toestand is en nie dadelik vervang hoef te word nie. Hierdie ondersoek sal voortaan elke 2 jaar gedoen word.

Die wet bepaal dat hierdie kennisgewings aangebring moet word. Dit is egter hoofsaaklik van toepassing op enige kontrakteur wat werk op ons dak sou kom doen (bv kabels lê vir internetverbinding) om die nodige voorsorgmaatreëls te tref, soos beskermende kleredrag, verwydering van bourommel, ens.

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Ons volgende vergadering vir al die konvenors is:

9 Mei 2023 om 19:00 in die konsistorie

# BASAAR – VLEIS

Die vleistafel by vanjaar se basaar gaan iets nuuts probeer. Ons gaan baie lekker sosaties (kebabs) te koop aanbied. Ons is op soek na 'n lekker sosatiesous. Skryf jou beproefde resep in.

**Dit werk so:**

Ons gaan beesvleis gebruik en jy maak sowat 500ml sosatiesous aan en ons toets/proe dit. Die wenresepte gaan dan gebruik word vir die basaarsosaties. As jou resep een van die wenners is gaan ons die sosaties na jou vernoem bv. *Ds Hannes se ontsoete sosatie of Cassie se smulsag sosatie.*

Laat waai en kontak ons **voor 5 Mei 2023** by 082 494 4819 (André) of 082 444 4046 (Hennie) om jul sous in te skryf of indien jy enige navrae het.

Ons gaan lekker basaar hou en nog lank daarna lekker eet.

# BASAAR – DIT & DAT

"Indien iemand dalk enige bruikbare en in goeie toestand items het wat julle nie meer gebruik nie en wat ons met die Basaar op die Dit en Dat tafel kan plaas, kan julle dit by die kerkkantoor afgee."

Wessel Labuschagne

# BASAAR – NAALDWERK & MATERIAAL

Ek maak laslap kwilts en benodig baie lappies van poli-katoen en katoen materiaal.
Enige grootte tot so klein as 10 x 10cm asb.
Gee dit asb by die kerkkantoor af of kontak my.



Daar gaan die pragtigste handwerk artikels op die basaartafels wees, kom en ondersteun ons en koop nou alreeds kersgeskenke.

Baie dankie

Christine Myburgh
0828244421

Materiaaltafel benodige alle soorte materiale, sowel as enige naaldwerkbenodighede.
Wol, brei- en hekelpenne ook welkom.

Baie dankie
Elsa Welman
0837129499





# BASAAR – BROOD EN BESKUIT

Wat is lekkerder as 'n koppie koffie en beskuit sodra jy soggens opstaan en 'n lekker sny brood/muffin vir ontbyt?







Kontak asb vir Marietjie Mostert **(083 208 5653)** indien u brood, beskuit of muffins kan bydra vir die basaar.

Onthou om op 3 Junie 2023 hierdie tafel te ondersteun. Bring asb genoeg kontant.

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

***Dankie vir jou bydrae*** van die afgelope tyd. Jou omgee is 'n aksie, wat iemand anders se lewe positief raak.

Die mandjie se pens raak egter nou effens leeg, die volgende items sal baie welkom wees.

| | | |
|---|---|---|
| ***Tee*** | ***Koffie*** | ***Blikkies tamatie*** |
| ***Suiker (1kg)*** | ***Melk*** | |
| ***Soja*** | ***Tuna*** | |

Groetnis

# KLERE EN VERE

**Klere en Vere** kom vanjaar basaar toe!

Bring asseblief solank vir ons daardie voorheen geliefde items uit jou klerekas en merk dit: **Basaar**. Jy gaan dit tog eendag uitgooi en waar beter as vir De Eike!
Ons gaan van die klere wat vir Klere en Vere gegee word, op die basaar verkoop. Op hierdie manier kan fondse geïn word om herstel- en ander onkoste te dek wat tans deur die 2 lidmate betrokke by Klere en Vere self gedra word.

Ons het pas weer 'n mooi besending klere na Nuwerus in Namakwaland gestuur en VGK-Koelenhof se pakkies staan gereed vir oplaai.

En moenie ophou om hierdie projek te ondersteun nie. Jou ou klere, tweedehandse klere, aan-"*pass*" klere, skoene, linne, ensovoorts, laat iemand anders breed glimlag.

Dankie!
2 Vere

# MOEDERGEMEENTE - DAMESOGGEND

Die Bediening aan Vroue van Kuilsrivier Moedergemeente nooi jou uit na 'n Damesoggend in hulle kerksaal. Bring 'n paar hartsvriendinne saam om die oggend met jou te geniet.

Datum: 6 Mei 2023 om 10:00
Koste: R75 p.p. (Sluit tee/koffie en verversings in)

Gaskunstenaar: Belia
Sy sing van blomme en liefde en glo daar is 'n blom in elke vrou.

Kontak Moedergemeente se kerkkantoor weeksdae 08:00 -13:00 op 021 903 1529 of Gieliana Fourie: 021 903 1309 / 083 330 5479

# KOORFEES BY VGK SAREPTA

Kuilsrivier Moedergemeente se orrelis, Arthur Appleby, het ons gemeente se koorlede genooi om saam met hulle deel te neem aan 'n koorfees wat beplan word by VGK Sarepta iewers in Mei – die presiese datum moet nog bevestig word.

Dit sal 'n middaggeleentheid wees met verskeie kore wat optree sowel as 'n massakoor.

Ons nooi graag ons bestaande koorlede en enige ander lidmaat wat ook deel wil wees hiervan, om aan te sluit by die oefening Maandagaand om 19:00 by **Moedergemeente se kerkgebou**.

# NUWERUS UITREIK

Voorlopige datum 26 tot 28 Augustus 2023.

Indien jy belangstel om hierdie uitreik na Nuwerus mee te maak kan jy gerus met Louis Hurter in verbinding tree by 083 338 2003.

# STILLEBOSCH RETREAT

**IS JY OP HIERDIE STADIUM VAN JOU LEWE LUS EN REG VIR 'N DIEPER GEES-TELIKE LEWE ?**

'n Unieke geleentheid om jou innerlike verhouding met God te verdiep en te verbreed, word aangebied deur **In die Skool van Kontemplasie – 'n** inisiatief van Stillebosch Retreat Plaas.

Dit is 'n praktiese, leer-deur-ervaring geleentheid – in gesprek met die Kerklike Vaders en Moeders van Kontemplasie. **Fanie Herholdt** sal ons lei in die spore van **"The Cloud of Unknowing"** – een van die beste tekste oor Christelike meditasie en kontemplatiewe gebed.

Waar: Die Kapel op Stillebosch Retreat Plaas (Anatoth, op die Bottelary pad).

Wanneer: 5 opeenvolgende Woensdagaande van 17 Mei tot 14 Junie 2023

Tyd: 18:30 – 20:00

Koste: R250 (wat die teks/boek "The Cloud of Unknowing" insluit)

Registrasie: Stuur asb. en epos aan stillebosch@icloud.com as jy wil registreer of meer inligting verlang.

Daar word verwag dat belangstellendes inskryf (maksimum 15 persone) en hulle verbind tot die hele tydperk en die spelreëls, i.e. lees, inoefening en deelname.

*Kontemplasie/bepeinsing is die ou kerklike term wat beteken "om beter te sien, omdat jy dieper en langer kyk" en sluit aan by praktyke van stilte, afsondering, meditasie en stil gebed.*

# PREEKSKETS

**TEMA – GENADE IS NIE *FAIR* NIE!**



Prediker: Ds André van Wyk

Skriflesing: Matt.20:1-16

Tydens Paasfees herdenk die Christendom ons verlossing uit God se genade. Ons vier God se Koningskap. Maar nou, na Paasfees: Hoe lyk 'n lewe in God se Koninkryk? En hoe speel genade uit in God se koninkryk? Soms voel dit asof genade nie "fair" is nie.